



GEREFORMEERDE SKOOL  
DIRK POSTMA

# INFO 17/2024

8 November 2024



## Van die skoolhoof



Liewe GSDP-gemeenskap

Identiteit, ook van ons skool

Wie is jy? 'n Konfronterende vraag? Jy ken jou naam, haarkleur, lengte en gewig, maar dit sê nog nie presies wie jy is nie.

Hierdie vraag word ook aan ons skool gestel. Wie is GSDP? Waar staan die skool t.o.v. die landswette, BELA, akademie, sport ens? Ouers worstel met skoolkeuses. Moet dit GSDP wees, is die onderwys daar beter, of kan ek volstaan met die openbare skoolstelsel?

Gereformeerde onderwys behoort vir ouers wat die doopbelofte afgelê het, vanselfsprekend te wees, maar ongelukkig is dit tans nie so nie. Daar is nog baie onkunde oor Gereformeerde onderwys en ouers kies soms moeilik daarvoor, of aan die ander kant, gee dit maklik prys. Mooi sportvelde, ryk tradisies of goedkoper fooie bepaal baie keer die skoolkeuses.

'n Uitstaande kenmerk van Gereformeerde onderwys is dat ons wil leef vanuit die verbond wat God met ons en ons kinders opgerig het. Ouers het beloof dat hul, hul kinders sal onderrig en laat onderrig en deur die doop verseël God sy beloftes aan ons.

Uitvoering van die belofte wat ouers gemaak het, moet in 'n Gereformeerde skool teruggevind word. Ons moet dit sien in dankbare verwondering en nie 'n gearriveerde houding nie. Dit word gesien in elke liewe aspek in ons skool, dit wat in die klas, op die speel- en sportveld en pouse gebeur. Dit word gesien in elke liewe vak, hoe ons in eerbied die Bybel lees en Psalms sing en hoe personeel met liefde elke kind binne sy eie unieke behoeftes versorg. Dit word gesien in hoe personeel met mekaar handel en hoe verhoudinge met ouers gebou word. Dit word gesien in hoe ouers onderwysers se professionaliteit waardeer, selfs as moeilike gesprekke oor kinders gevoer word.

Die Gereformeerde skool is 'n ouerskool, die huis en skool vul mekaar aan. Die betrokkenheid tussen die ouers en die skool is onontbeerlik. Eerlike opbouende kommunikasie tussen die huis en skool is belangrik. Ouers en onderwysers moet op dieselfde basis staan. 'n Kenmerk van hierdie ouerkorps is hul offervaardigheid, hul offer hul tyd, finansies en ander gewas op om 'n veilige omgewing vir hul kinders te skep.

As Gereformeerde skool moet ons dus goed nadink oor ons identiteit, veral hoe dit in praktyk oorkom. Ons leer ons kinders tuis en by die skool vanuit die Woord as ons Rigtingwyser. Dit hou in dat ons woorde en ons dade by die kerk, by die skool en by die huis dieselfde moet wees. Met ons optrede dra ons 'n bepaalde beeld na die wêreld uit, 'n beeld waarby kinders veilig moet voel en weet waar hulle staan.

Vriendelike groete

Saskia Meijer



## Beplanner

- **14 Nov:** Gr. R-gradeplegtigheid
- **15 Nov:** LS-verkope Gr.7
- **18 Nov:** LS-eksamen begin
- **21 Nov:** Gr. 1-kuierdag
- **22 Nov:** Gr.3-wisseldag
- **29 Nov:** Skool sluit 11:00 vir leerlinge
- **6 Des:** Rapporte uit na leerlinge
- **6 Des:** Skool sluit vir onderwysers
- **13 Jan:** Skool heropen vir personeel
- **15 Jan:** Skool heropen vir leerlinge



Skool sluit:

29 Nov.

Skool open:

15 Jan.



## BELA-terugvoer

Die **Instituut vir Christelike Onderwys (ICO)**, het ten doel om onderwys in Suid-Afrika volgens Gereformeerde beginsels te bevorder. Die afgelope Maandag was daar 'n perskonferensie waar meer as 40 organisasies in 'n persverklaring gemeld het waarom **BELA** problematies is. Die ICO, wat dus ook GSDP verteenwoordig, het ook 'n bydrae gelewer wat deur ds. Anton Dednam, 'n ICO-raadslid voorgelê is.


Opsommend is die ICO oortuig dat Gereformeerde ouers se regte in die opvoeding van hul kinders heilig en onaantasbaar is, en dat dit 'n rol is wat God aan ouers gegee het. Hierdie reg sluit in die vryheid om kinders op te voed volgens **Christelike oortuigings en waardes**, sonder oormatige druk of inmenging.

In die lig van bogenoemde is die ICO baie **bekommerd** oor die sentralisering van gesag, die aantasting van ouerrechte in onderwys, en die behoud van godsdiensvryheid in die onderwysstelsel.



## Belangrike briewe

Daar het hierdie week 'n paar **belangrike briewe** uitgegaan. Vergewis uself asb. van die inhoud van die **volgende** briewe:



1. **Klasindelings** vir 2025 in die laerskool sowel as die hoërskool.
2. Brief oor die **selfoonbeleid**.
3. Die gr. 8's en 9's het 'n **IEB-brief** ontvang. Die skurstrokies moet asseblief teen **15 November** terug wees.
4. Brief: **Skryfbehoeftes** gr. RRRR -7. Bestel asb. die skryfbehoeftepakette betyds.

## Hervormingsdag

Ons het op **31 Oktober 2024** die voorreg gehad om die Hervormingsdag met 'n diens by die GK Die Kandelaar te vier.

Gereformeerde Skool Johannes Calvyn het ook die diens bygewoon.


Van GSDP se leerders het 'n uittreksel uit die **Hervormingsfeesproduksie**, *Uit diep van donker nagte*, geskryf deur Ina Opperman, opgevoer. Die gehoor het deel van die program gevorm deur middel van samesang. Marius Visser het Bach se Toccata & Fugue in D Mineur op die orrel gespeel.

Mnr Wiku v Rooyen se Skrifoordenking het uit **Ps 27** gekom waar hy ons, net soos Calvyn, herinner het om God se aangesig te soek.

Hervormingsdag is 'n dag van geloof, hoop en die krag van hervorming! Op hierdie dag in 1517 het **Martin Luther** sy 95 stellings aangebring wat die kerk hervorm het na die Woord.

Mag hierdie dag ons almal inspireer en daaraan herinner om, soos Luther, met moed en oortuiging te staan vir wat reg en waar is. Laat ons bly wees oor die genade en liefde wat ons vrylik ontvang het en die vaste grondslag wat ons geloof vorm.

**Soli Deo Gloria** – aan God alleen die eer!



## NEEM KENNIS:

**Begroting-opvolgvergadering** op Donderdag, **21 November** om **19:30** in die kerkgebou van die GK, Die Kandelaar.

Ons moedig u aan om die opvolgvergadering by te woon aangesien u **betrokkenheid** noodsaaklik is om die toekoms van ons skool en die opvoeding van ons kinders te verseker. Nie-lede word ook hartlik uitgenooi na hierdie vergadering; alhoewel u nie stemreg het nie, verwelkom ons u insette.



Aandag alle ouers!

Jou **idees en energie** kan 'n positiewe impak op ons skool hê!

Skakel in by ons **ouerkomitees**.

Stuur 'n e-pos na [gscp@gscp.org.za](mailto:gscp@gscp.org.za) indien u betrokke wil raak.

# NEEM 'N AKTIEWE ROL IN JOU KIND se opvoeding en bou 'n band met ander ouers.

*Skakel in by ons ouerkomitees!*



Stuur 'n e-pos na [gscp@gscp.org.za](mailto:gscp@gscp.org.za) indien u betrokke wil raak.



Die Gereformeerde Skool Dirk Postma adverteer die volgende:

# VAKATURE GRAAD R-POS

AANVANGSDATUM: **1 JANUARIE 2025**

AANSOEKVEREISTES

- Lidmaat van GKSA of VGKSA
- Getuigskrif van huidige predikant
- Volledige CV en afskrif van sertifikate
- B.Ed. of 4 jaar HOD-gekwalifiseer
- Liefdevol, entoesiasies en kreatief
- Bewese leierskapsvaardighede
- SACE geregistreer
- ID-dokument

*GSDP behou die reg voor om nie 'n aanstelling te maak nie.*



+27(0) 12 332 3222  
[www.gscp.co.za](http://www.gscp.co.za)

Stuur u aansoek na [skoolhoof@gscp.co.za](mailto:skoolhoof@gscp.co.za)  
Sluitingsdatum: 22 November 2024

*Aanvaar asseblief dat u aansoek onsuksesvol was indien u nie gekontak word nie.*

Dra by om die **medegelowiges** wat **verbondsonderwys** begeer, maar om een of ander rede verhinder word, **finansiële** ten opsigte van hulle **skoolfooie** by te staan.

**Gereformeerde Skool  
Dirk Postma**



**GSDP-HULPFONDS**

**Doen 'n oorbetaling of besoek  
ons webtuiste vir meer inligting.**

**BANKBESONDERHEDE:**

**Absa tjek:** 90159801

Gereformeerde skoolvereniging  
dirk postma

**Verwysing:**

voorletters en van - hulpfonds

**Kom neem saam deel aan:-  
Met Woord en Lied  
Kroon Krip Kruis Troon**



**16 November  
2024 om 14:30**

**Gereformeerde Kerk  
Pretoria (Paul Kruger Kerk)  
H/v WF Nkomo & Mampurustrate**



**Sagte kollekte  
Kuier & Verversings ná program  
Bevestig jou deelname  
vóór 11 Nov. by:  
Elria:- W/a 083 231 8779  
Chantelle:- W/a 074 715 8341**

## **RAAK ONTSLAE VAN JOU OU OU SKRYFBEHOEFTES!**

Het jy **ou potlode** en **penne** wat  
jou pennesakkie vol maak?

Is daar 'n **ekstra skêr** wat ammunisie  
in jou broer se hande is?

Wat van daardie **uitveër** wat uitvee  
wanneer hy nie moet nie?

**ONS HET 'N OPLOSSING! !**

*Bring jou ou  
skryfbehoeftes saam  
op die laaste dag  
van skool en handig  
dit by juf. Lomain in.*



**Maak 'n kind by Tshwane Christian School se hart bly  
DEUR VIR HUL SKRYFBEHOEFTES TE GEE.**

**Beampte opleiding**  
*Atletiek*

**13 November | 18:15 - 20:30**  
**Laerskool se Mediasentrum**

**Aangebied deur Olimpiese atleet,  
Myrtle Botma (Grobler)**

- Basiese reëls van elke item word kortliks bespreek.
- Ons moedig alle ouers aan om te kom, veral diegene wat beamptes is tydens die huissport.
- Daar sal geleentheid vir vrae/bespreking wees.
- Daar word 'n donasie van R20/gesin gevra om die kostes te dek
- Oppas vir die kinders sal gereël word (kinders is egter welkom om ook die opleiding by te woon)
- RSVP teen 8Nov op die aangehegte skakel

Om die kwaliteit van ons **huissport** asook ons skool se atletiek in geheel te verbeter, het ons dit goedgevind om **opleiding** vir beamptes te reël.

Ons is altyd dankbaar vir gewillige ouers wat aanmeld om beamptes te wees. Dit is nodig dat die beamptes by ons huissport op hoogte is van die **reëls** asook die presiese wyse van deelname aan elke item.

Kom ons as ouers help die Dirkies-atlete om uitnemend te wees - ook op die sportveld.

Vul die volgende vorm in:  
<https://forms.gle/YPbnvNaHwBSaioB19>

## Atletiek: Huissport 18 Januarie 2025

Die **2025 huissport** vind D.V. **Saterdag, 18 Januarie 2025** te **Hoërskool Oos-Moot** plaas. Dit belooft om weer 'n propvol dag te wees waarin ons atlete kan deelneem asook saam met hul maats pret kan hê.

'n **Google-vorm** is reeds met die hoërskoolleerlinge gedeel om te verseker dat die program so saamgestel kan word dat die verrigtinge voor sonder afgehandel is.

Herinner asseblief u kinders om die vorm so vinnig as moontlik te voltooi indien hul dit nog nie gedoen het nie:

<https://forms.gle/76aCzXVmuyB4mz4h6>

Ons sien baie uit na die geleentheid!



## Houtsweisklub

Enkele van ons seuns het onder leiding van een van ons ouers, Gerhard Bunk, goeie **hout- en sweisvaardighede** aangeleer. Hul **projek** vir die jaar was 'n rak om klere aan op te hang. Ons wil graag baie **dankie** sê aan Gerhard vir sy moeite en oulike inisiatief om die houtseisklub te laat voortbestaan.





## Dirkies help 'n ander

Die Dirkies het voorwaar hulle **harte** vir ander oopgemaak! Die hoërskoolleerlinge (124) en personeel (23) het vir 160 leerlinge van die **Ramotse Naskoolsentrum** 'n geskenksakkie met 'n briefie in gemaak! Sommiges het sommer vyf pakkies vir ons gebring!

Baie dankie vir al die pakkies wat ons ontvang het. Ons betoon ons **naasteliefde** met die daad.

*“My kinders, laat ons nie liefhê met woorde of met die tong nie, maar met die daad en in waarheid.” - 1 Johannes 3:18*



### Laaste optredes op die kultuurfront

Baie geluk aan die volgende leerlinge wat deelgeneem het aan die **Mootkunstefees**:

In die afdeling **kreatiewe drama**, het die groepitem: “Maakie mooigoed een-een staan” 'n A++ gekry. Die deelnemers was Alisha Drijfhout, Elrike Buys en Joané Gouws.

In die afdeling **gedramatiseerde prosa**, het Alisha Drijfhout 'n A+ en Elrike Buys 'n A gekry.

Baie dankie aan al die dramaleerlinge wat luister aan die **Hervormingsprogram** verleen het met hulle optrede in die uittreksel van “Uit diep van donker nagte”.

Hulle was:

Alisha Drijfhout, Elrike Buys, Joané Gouws, Jacobus Pohl, Albert Bunk (vertolkers)

Pieter en Franciska Drijfhout en mnr. Johann Snijder (tegniese span).





## BESTEL SPESIALITEITSKOFFIE BY GEGROND

as deel van 'n fondsinsamelingsprojek  
saam met **GSDP!**



Gegrond word deur twee  
oudleerlinge bedryf.  
'n Deel van die wins word aan  
die skool geskenk.



Bestellings kan  
elke **eerste  
Vrydag** van 'n  
maand by die  
skool afgehaal  
word.

**GEGROND**  
COFFEE FOR THE UNRESTRICTED

Bestel by: <https://gegrond.co.za/gsdp/>

# Wen jou Wetenskap en Wiskunde

Graad 10 tot Graad 12 Wiskunde:

- Vraestelle met Memo's @ R130
- Nifty Notas @ R130

Vat die volledige Wiskunde Pakket vir slegs R240

Afleweringkoste @ R120

Graad 10 tot Graad 12 Wetenskap:

- Nifty Notas @ R130
- Flashy Flitskaarte @ R70
- Vraestelle met memo's @ R130

Vat die volledige Wetenskap Pakket vir slegs R300



# Win your Science and Maths

Grade 10 to Grade 12 Maths:

- \* Tricky Exam Papers with Answer Sheets @ R130

Gr 10 Science Packs are busy brewing!!!

Courier Costs @ R120

Grade 11 to Grade 12 Science pack:

- \* Snazzy Summaries @ R130
- \* Flashy Flashcards @ R70
- \* Tricky Exam Papers with Answer Sheets @ R130

All the Science goodies @ R300

<https://wenwetenskap.co.za>

**Helena - 0845103373**

[hverwey@absamail.co.za](mailto:hverwey@absamail.co.za)

# Snapscan Kodes



Snap here to pay



Doen betalings vir skoolfonds of boufonds met behulp van die "snapscan"-kodes of een van die volgende:

EFT

D6-toep

Kaartfasiliteit (laerskoolkantoor)

Ons hanteer GEEN KONTANT nie.



Snap here to pay



GSDP-  
SKOOLFONDS

Onthou om altyd u familiekode en die doel (as dit anders is as skoolfonds) te gebruik, byvoorbeeld 0123 BOUFONDS.

GSDP-  
BOUFONDS

## ONDERSTEUN GSDP & HERWINNING



### BLITS

**Wanneer u aankope te Blits doen, noem asseblief dat u 'n GSDP-ouer/-ondersteuner is.**

**Dankie vir u ondersteuning!**

### MY SCHOOL

Hoe werk die MySchool-kaart? Vir aankope by winkels wat gekoppel is aan die kaart, by Woolworths, ontvang die skool maandeliks 'n persentasie van die aankope. Indien u nog nie 'n kaart het nie, besoek die web-tuiste van MySchool en volg die skakel na "Get a MySchool card now". Dit is baie maklik en neem enkele minute.

**Ons het afgelope jaar R 16 405,00 uit hierdie projek ontvang.**



MySchool MyVillage MyPlanet

### PICK N PAY, WAVERLEY PLAZA



Plaas asseblief al u kasregisterstrokie in die houer, gemerk "Dirk Postma". Die skool in die Moot met die MEESTE kasregisterstrokie (nie geldwaarde nie), ontvang aan die einde van die jaar 'n kontantbedrag.

### GSDP: GLASPROJEK

Ondersteun asseblief ons glasprojek deur al u "afval"-glas in die houters te Cunninghamlaan te plaas.

**Baie dankie dat ons kan staatmaak op u ondersteuning. Saam kan ons probeer om die nasionale wenner in 2024 te wees.**

